# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2024

**Viering** van ons geloof en mekaar se lewensmomente

**2024.13**

---

Genesis 12:1-7; Genesis 15:6-18a; Genesis 17:1-12; Lukas 2:21; Galasiërs 3:7-9; Psalm 23:4

**Ons vier God se verbondsbelofte (1): Abraham**

Die eerste persoon wat ons van weet wie God ‘n lewendige verhouding het, is Abraham. Een van die duidelikste en eerste verbondsverhoudings in die Ou Testament, is die verbond wat God met Abraham kom sluit het. In Genesis 12:2-3 lees ons van die seën in Abraham van al die nasies. Daarin maak God ’n belofte aan Abraham en sy nageslag en daar is ook ’n opdrag dat hulle die Here tot seën moet wees.

Dan volg die seremonie van die verbond tussen God en Abraham in Genesis 15 en 17.

Ons sien dat die verbond van God af in stand kom met die seremonie waarin die verbond met Abraham gesluit is in Genesis 15. Abram bring ’n vers, ’n bok en ’n skaapram, almal drie jaar oud, en ’n tortelduif en ’n jong duif voor die Here en sny hulle in die helfte. Hy pak hulle in ‘n ry teenoor mekaar, sodat jy deur die stukke kan loop. Gewoonlik wanneer ’n verbond tussen twee mense gesluit was, het albei mense deur die stukke vleis geloop.

Dit was simbolies die teken dat albei partye van die verbondsverhouding beloftes teenoor mekaar maak en indien hulle hul beloftes nie sou nakom nie, sou hulle soos daardie diere opgekap word. In die verbondsverhouding tussen God en Abram loop egter net God tussen deur die diere en Abram lê en slaap (Genesis 15:12). God alleen maak die beloftes aan Abraham en Hy stap alleen deur die diere.

Elke verbond en spesifiek die verbond tussen God en Abraham en sy nageslag het ’n teken asook seëninge en vloeke daaraan verbonde. Die teken van die verbond met Abraham was die sogenaamde besnydenis. Dit is waar die voorhuid van elke manlike persoon in die nageslag van Abraham afgesny word as ’n teken dat die kind deel het aan God se verbond. Dit is ook die teken dat alle vrouens wat onder die man staan (’n man se vrou en dogters) ook deel het aan die verbond. God maak dit duidelik in Genesis 17 verse 7 en verder.

God roep ook vir Abraham en sy nageslag op tot gehoorsaamheid aan die verbond. Indien die volk van God hul kinders besny en aan God getrou bly sal God ook hulle seën met ’n land, ’n groot nageslag en God as hul persoonlike God (Genesis 12; 15 en 17). Indien hulle nie aan God gehoorsaam is nie sal God sy seëning terugtrek (hulle uit die land stuur en hulle straf), maar hy sal ’n nuwe begin maak (Jeremia 32; Psalm 78; Jesaja 6:13)

Die kern van die verbond wat vandag nog staan is: “*Ek sal jou God wees en die God van jou nageslag*” – en word deur Paulus bevestig in Galasiërs 3:7-9 – almal wat in God glo, is dus die nageslag van Abraham.

- https://www.bybelkennis.co.za/alle-paaie-lei-na-jesus-god-se-verbond-met-abraham-1/
- https://www.bybelkennis.co.za/alle-paaie-lei-na-jesus-god-se-verbond-met-abraham-2/
- https://www.bybelkennis.co.za/alle-paaie-lei-na-jesus-god-se-verbond-met-abraham-3/

Dink bietjie:

- Het God jou ook lief nog voor jy kon kies?
- Wat beteken God se belofte aan alle mense vir jou?
- Hoe voel jy daaroor dat jy op die seën in Abraham aanspraak kan maak?

*Vir die groepgesprek:*

1. Waarom dink julle is die Abrahamitiese verbond vir ons belangrik?
2. Wie dink julle kan vandag op die seën van die vebond met Abraham aanspraak maak?
3. Hoe dink julle lyk die kinders van Abraham vandag?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Het Abraham dit verdien om uitgekies te word? (Gen 12:1-7; en Jos 24:2)
2. Watter 2 beloftes herhaal die Here aan Abraham (Genesis 15:5, 7, 18a)
3. Wie neem die inisiatief by die verbondsluiting? En watter geleentheid het Abraham om die voorwaardes te onderhandel? (Genesis 15:9-11; 18a)
4. Hoe maak God sy teenwoordigheid bekend (Genesis 15:17)
5. Op watter manier vat die Here die volle inhoud van die verbond met Abraham saam? (Genesis 17:7)
6. Watter aandeel word van Abraham en sy nageslag verwag? (Genesis 17:10)
7. Waarom die 8ste dag (Genesis 17:12)?
8. En Jesus? (Lukas 2:21)
9. Is ons familie van Abraham (Galasiërs 3:7-9)

- Gesels as groep saam oor wat hierdie gedeelte vir julle beteken. Bring sommer Psalm 23:4 ook hierby in. Dalk het jy al die versekering van die verbond beleef – deel dit met die groep.
- Volgende week gesels ons oor die nuwe verbondsteken – die doop.